
Groep 7 Drukkers
SELF-PUBLISHING
SELF-PUBLIKASIE
IN 7 STAPPE

7 STAPPE VIR SELF-UITGEWERS

GROEP 7 DRUKKERS EN UITGEWERS (Pty)Ltd

REG NO: 2017/066212/07

E-pos: epos@groep7.co.za
(Kommunikasie verkieslik deur e-pos asb.)
Tel: 082 4490 574 / **Faks**: 086 514 1051

Pos: Posbus 14717, Sinoville, 0129
Perseel: Tambotieweg 776, Kameeldrif-oos, Pretoria

Webwerf: www.groep7.co.za
Boekwinkel: www.groep7-selfpublish-book.co.za

INHOUDSOPGAWE

Missie, Waardes en Visie 3

Die mense van Groep 7..... 4

Die Stigter 6

Skrywerswêreld 7

Stap 1 - Skryf..... 9

Stap 2 - Taalkundige Versorging 12

Stap 3 - Tipografiese uitleg (Bladuitleg) 14

Stap 4 - Boekomslag Ontwerp..... 16

Stap 5 - Druk en Bind 17

Stap 6 - Bemarking..... 19

Stap 7 – Verspreiding en E-Boeke..... 20

Voorbeelde van totales kostes..... 22

Ter Opsomming..... 24

Hersien Mei 2017

Bykomende inligtingstukke:
Skrywer inligting vir ISBN registrasie
Skrywer ooreenkoms vir verspreiding van boeke
Berekening van netto inkomste
Padkaart na perseel

© Groep 7 Drukkers en Uitgewers (PTY)Ltd

Missie, Waardes en Visie

Groep 7 Drukkers en Uitgewers bedien die SKRYWER

- Bied aan enige skrywer die geleentheid om sy/haar boek self te publiseer en in vertroue te kan saamwerk om dit te bereik.
- Die kopiereg van die boek setel in die skrywer se hande en alle dokumente bly die eiendom van die skrywer.
- **Groep 7** stel nie boeke, handboeke, opleidings-materiaal of enige inligting beskikbaar sonder die uitdruklike toestemming van skrywers nie.
- **Groep 7** se professionele span kan die volledige voorbereiding van die boek doen of kan adviseer en riglyne gee sodat skrywers dit self kan doen.
- Kwaliteit boeke word koste-effektief gedruk op POD (*Print on demand*) basis wat beteken dat 'n boek nooit uit druk is nie.
- Verspreiding word gedoen volgens elke skrywer se vereistes.

© Groep 7 Drukkers en Uitgewers (PTY)Ltd

Die Mense van Groep 7

In 1996 begin Jaco en Ilette Strydom **Groep 7 Drukkers** as algemene drukkery. Op versoek van kliënte word algaande meer boeke gedruk en sedert 2008 is ontwikkeling gedoen om ŉ een-stop professionele diens te kan lewer vir die selfuitgewer.

- Vandag word die voorbereiding en druk van kwaliteit boeke, handboeke en opleidingsmateriaal deur ŉ groep opgeleide vrouespan gedoen.
- Netwerkstelsel met professionele programme in plek en ŉ databasis vanaf 1998 vir herdruk van boeke.
- Digitale drukkers en doelgerigte toerusting vir die druk en bind van boeke op wêreldstandaard van POD (*Print on demand*).

Bestuur:	Ilette en Liezl Strydom.
Administrasie:	Mona Gouws.
Grafiese kunstenaars:	Mariaan Lock en Liezl Strydom.
Produksiespan:	Magda du Venage, Elzahn Gerard en Nicolette Vosser

Onafhanklike taalkundiges: Sandra Adams en Rentia Mynhardt.

Groep 7 Drukkers en Uitgewers setel in ŉ privaat maatskappy: Reg nr. 2017/066212/07, BTW Reg nr. 48 1013 9677, B-BBEE vlak 4 en belasting uitklaringsertifikaat op aanvraag.

© Groep 7 Drukkers en Uitgewers (PTY)Ltd

Die Professionele Vroue van Groep 7

Liezl Strydom

Ilette Strydom

Mona Gouws

Mariaan Lock

Magda du Venage

Elzahn
van Loggerenberg

Nicolette Vosser

Rentia Mynhardt

Sandra Adams

Die Stigter

Jaco Strydom se *legacy* leef steeds voort in Groep 7. Sy liggaam is in 2008 met kanker (liposarkoom) gediagnoseer maar hy het steeds voluit gelewe. In sy boek ***"4 Beautiful Years"*** skryf hy, uit dankbaarheid vir 'n tweede kans, van sy bergfietstoere tussen behandelinge en operasies deur. Met sy deursettingsvermoë het hy sy droom in 2012 verwesenlik deur 6,400km rondom SA te ry – met net sy fiets, tent en rugsak. Hy is in November 2013 terug na sy Hemelse Vader.

*"To those who know him, **Jaco Strydom's** name is synonymous with phenomenal courage and inspiration. Always a keen mountain biker, he has successfully completed races including two Absa Cape Epic with his friend "The Pom". In June 2008 he successfully completed the gruelling Freedom Challenge Race Across South Africa. Up until September 2008 he had had a life that most people would class as near-perfect.*

In 2008, this near-perfect life was shaken to the core when Jaco was diagnosed with cancer. "Four Beautiful Years" is the story of his life since that day. Instead of opting to lie down in despair, Jaco got up and has seized each day with a ferocity that leaves one speechless. Planning cycling expeditions between chemotherapy and radiation treatments, solo-circumnavigating Lesotho on his mountain bike, riding Cape to Beit Bridge, and then carrying on to circumnavigate South Africa in 2012...

This is the story of a true hero: a victim who has become the ultimate victor. It will dwell in your heart long after you put the book down, and will inspire you to overcome life's challenges, one day at a time." **Jani Verster - Fellow Mountain Biker**

Kwela - www.youtube.com/watch?v=1z_fZoEvdlg.

Boek: http://groep7-selfpublish-books.co.za/home/80-4-beautiful-years-jaco-strydom.html

"Links" na toere: www.groep7.co.za

© Groep 7 Drukkers en Uitgewers (PTY)Ltd

Skrywerswêreld

Skrywers betree ŉ nuwe wêreld met self-publisering van hul boeke. Welkom by Groep 7 Drukkers en Uitgewers wat hierdie opwindende reis vir jou makliker gaan maak.

Alle boeke kan self gepubliseer word. Tipe boeke wat self-uitgewers al deur Groep 7 laat voorberei en druk het sluit onder andere in:

- Waar ŉ leemte in die mark gevul word bv. opleiding in kleuterskole, wiskunde, musiekinstrumente, lugvaartkunde, etiek en ander handboeke en opleidingsmateriaal;
- Suider-Afrika se geskiedenis, grensoorloë, weermag, polisie, omgewings inligting, helde, opspraakwekkende gebeure ens. waaroor skrywers besondere kennis het;
- Besondere ervarings of ondervindings;
- Kinderboeke, stories, romanse en selfs inkleurboeke.
- Nalatenskap van families en individuele sonder doel om wins te maak;
- Christelike lektuur wat ‘n wye verskeidenheid inlsuit.

Tradisionele Uitgewers

Normaalweg is die eerste gedagte by skrywers om hul boek aan ‘n bekende uitgewer te gee om te publiseer. Die uitgewers doen marknavorsing oor watter tipe boeke lesers graag wil lees wat dan bepaal watter boeke hul publiseer. Ongelukkig word slegs ‘n klein persentasie gekies uit al die manuskripte wat hulle ontvang.

Selfuitgewers

Indien jou boek nie die tradisionele roete kan volg nie, kan jy self-publiseer. Jy kan selfs van die begin af besluit om hierdie roete te volg met die volgende voordele:

- Jy hoef niemand te oortuig dat jou boek gepubliseer behoort te word nie;
- Kopie- en verspreidingsregte bly in jou hande;
- Jy het inset in al 7 stappe van publisering;
- Boeke kan gedruk word binne enkele weke nadat dit geskryf en taalkundig versorg is.

© Groep 7 Drukkers en Uitgewers (PTY)Ltd

- Lees gerus die suksesverhaal van ‘n bekende selfuitgewer nl. SJA de Villiers wat “***Kook en Geniet***” geskryf het: af.wikipedia.org/wiki/Kook_en_Geniet.

Groep 7 het ’n besondere konsep in plek gestel vir **selfuitgewers,** vir die voorbereiding en druk van kwaliteit boeke, wat dit koste-effektief maak sonder ’n groot kapitaaluitleg. Die voordeel is ook dat alles onder een dak gedoen word en daarom kan ons die tyd en kwaliteit daarvan bestuur.

Die skrywer het die keuse om self van die voorbereidingswerk te doen, waarmee ons kan adviseer. Alternatief kan Groep 7 se personeel dit professioneel doen teen minimale koste.

Daarna kan die skrywer deurlopend boeke bestel soos nodig en selfs veranderinge of regstelling deurgee voor ‘n herdruk.

Die dienste wat ons aan skrywers bied word gefaktureer en alle data en dokumente bly die skrywer se eiendom. Die skrywer mag dus ter enige tyd na ander drukkers/uitgewers/instansies gaan om boeke te druk of te versprei. Alle data word op ons databasis gehou vir regstellings of herdrukke maar indien ons versoek word dat dit volledig verwyder word, word dit gedoen.

In ’n neutedop beteken dit dat die skrywer betrokke is by elke stap in die proses om ’n boek in die mark en in die boekhandel te plaas:

Stap 1. Skryf.

Stap 2. Taalkundige versorging.

Stap 3. Bladuitleg.

Stap 4. Buitebladontwerp.

Stap 5. Druk en bind.

Stap 6. Bemarking.

Stap 7. Verspreiding en E-boeke.

© Groep 7 Drukkers en Uitgewers (PTY)Ltd

Stap 1 - Skryf

Skryfkuns

Die boek is uit die aard van die saak die kern waaroor selfuitgewery gaan. Alhoewel sommige skrywers talent en gawes het, voeg dit waarde by die boek om die fynere kuns van skryf te verstaan en toe te pas. Gaan kyk o.a. na die volgende webwerwe vir verskeie kursusse en wenke:

www.savryskutskrywer.co.za;
pnskryf.wordpress.com (Die Skryfbesigheid);
ATKV-skryfskool - kobie.vanaswegen@nwu.ac.za.

Opstelling

Die boek word waarskynlik in *Microsoft Word* geskryf wat die proeflees en redigering daarvan vergemaklik. Hier volg ook ‘n basiese riglyn vir die volgorde van die inligting in die boek. Die voordeel van selfuitgewery bly dat die skrywer self kan besluit en dit verander.

Eerste Bladsy - Titelblad

Die titel van die boek en skrywer se naam verskyn hier.

Tweede Bladsy - Algemene inligting

- Die woord “Kopiereg” en/of die Kopiereg simbool © tesame met die uitgewer se adres en kontakbesonderhede verskyn hier. Dit bevestig dat die kopiereg van die boek die eiendom van die skrywer is.
- Daarna verskyn die ISBN en datum (maand en jaar) van die eerste druk en die datums van enige herdrukke. (Groep 7 kan die ISBN-nommer namens skrywers registreer en koste is 1 boek plus R50.)
- Gee gerus ook erkenning aan persone wat die taalkundige versorging, vertaling, bladuitleg en buitebladontwerp gedoen het en, in die geval van foto’s, waar en deur wie dit geneem is.
- Die drukkers se naam en adres word laastens bygevoeg.

© Groep 7 Drukkers en Uitgewers (PTY)Ltd

Die volgende bewoording dien as voorbeeld vir die omskrywing van die kopiereg:

"Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder skriftelike verlof van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of langs enige elektroniese of meganiese weg weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, plaat- of bandopname, mikroverfilming of enige ander stelsel van inligtingsbewaring."

Belangrik: Wees ingelig aangaande die riglyne oor kopiereg en beleid vir die gebruik van Bybelaanhalings van Suid-Afrikaanse Bybels. **Basies riglyne:** *Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika verleen graag toestemming aan outeurs en uitgewers om tot vyf honderd (500) verse van die Bybel in enige formaat (geskrewe, visueel, elektronies of oudio) aan te haal. Die aangehaalde verse mag egter nie meer as vyftig persent (50%) van 'n volledige boek van die Bybel, of meer as vyf en twintig persent (25%) van die totale teks van die werk waarin hulle aangehaal word, uitmaak nie, anders moet voorafgaande skriftelike toestemming verkry word.*

Erkenning van kopiereg voorbeeld: "© *Aanhalings uit die Bybel in (taal, datum, uitgawe) – met verlof van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika."*

Groep 7 het reeds meer as 400 ISBN's namens skrywers geregistreer. Ons kan dit administreer of skrywers kan direk 'n nommer aanvra en registreer:

The National Library of South Africa,
Webwerf: http://www.nlsa.ac.za.

Derde Bladsy - Opgedra

Spesiale inligting word hier geplaas bv. indien die boek opgedra word aan 'n persoon wat die inspirasie tot die skryf van die boek was.

Vierde Bladsy - Erkenningsblad

Erkenning word hier aan enigeen gegee wat behulpsaam was, inset gelewer het of jou ondersteun en gemotiveer het met die skryf van jou boek.

© Groep 7 Drukkers en Uitgewers (PTY)Ltd

Vyfde Bladsy - Inhoudsopgawe

Sesde Bladsy – Voorwoord

Die voorwoord of inleiding kan geskryf word om die agtergrond te skets wat aanleiding gegee het tot die publikasie van die boek. Die voorwoord kan ook die skrywe van ander (dalk bekende) persone wees wat reeds jou boek gelees het.

Inhoud van Boek – Inleiding en Hoofstukke

Die inhoud van die boek kom na die Voorwoord en onewe bladsynommers altyd aan die regterkant van die bladsy.

Laaste Bladsye – Bibliografie en/of Outeur se Profiel.

© Groep 7 Drukkers en Uitgewers (PTY)Ltd

Stap 2 - Taalkundige Versorging

Wees voorbereid dat hierdie stap heelwat tyd en kostes kan neem. Verdere waarde kan tot die boek gevoeg word om die taalversorging deur ’n professionele taalkundige te laat doen. Aangesien dit egter duur kan wees, neem tyd om die regte persoon te vind. . Alternatief kan familie en vriende, wat kennis het, van onskatbare waarde wees om die boek taalkundig te versorg en insette te lewer. Kontak **Groep 7** gerus vir verwysing na kundiges of vind die regte persoon vir jou boek op die volgende webwerwe, om maar enkeles te noem:

www.savryskutskrywer.co.za;
www.editors.org.za;
www.editorsguildsa.org.

Die twee kundiges wat deel van **Groep 7** se span is, se hantering daarvan is soos volg:

- Basiese evaluasie van die boek word deur een ‘n taalkundige gedoen met ‘n verslag sodat skrywers self te besluit of die boek verdere taalkundige versorging nodig het – R350.
- Die kwotasie volgens die aantal woorde van jou boek en die omvang van die taalkundige versorging benodig, word per e-pos aan jou gestuur. Die verskillende moontlikhede bestaan:
    - Regstelling van spelling, tikfoute, leestekens, spasiërings. (R5.50 per bladsy wanneer ons bladuitleg doen);
    - Bykomend ook grammatika en sinskonstruksie (12-18 sent per woord);
    - Spesiale kwotasie sal egter gegee word vir handboeke en waar besonder meer inset gelewer word om bv. die boek se volgorde te orden of as medeskrywer deel van die boek te word.
- Met aanvaarding van die kwotasie word ‘n gedeelte van die eerste hoofstuk se taalversorging gedoen en voorgestelde veranderinge uitgewys;
- Taalversorging word gedoen met “*track changes*”. Die keuse lê dus steeds by die skrywer of sy/hy die voorgestelde veranderinge wil aanbring al dan nie. Die skrywer hoef dus nie

© Groep 7 Drukkers en Uitgewers (PTY)Ltd

bekommerd te wees dat die taalversorger die boek gaan oorskryf nie! Dit gee ook geleentheid om te bepaal of skrywer en taalkundige goed gaan saamwerk;

- Daarna word die aanvaarding van die kwotasie herbevestig en hoofstukke word deurlopend aan die skrywer gestuur vir aanvaarding; betaling geskied dan ook vir werk tot op sekere vlakke voltooi, bv. 25%, 50% en 100%.

Vertaling

Indien die skrywer 'n behoefte het om 'n ander teikengroep (m.a.w. taalgroep – Afrikaans, Engels of Afrika tale) te bereik, word die boek in Word aan 'n vertaler gestuur. **Groep 7** se kundiges sal graag ook daarop kwoteer.

Die proses is basies dieselfde as tydens dié van redigering:

- 'n Paar bladsye van die eerste hoofstuk word vertaal sodat die skrywer die "gevoel" kan kry van die vertaler se werk;
- 'n Kwotasie word deur die vertaler uitgewerk. Skrywers kan vertaalkostes verwag vanaf 28 sent per woord – afhangende van die taalkwaliteit en ingewikkeldheid van die boek;
- Die vertaler stuur die hoofstukke soos wat dit voltooi word terug na die skrywer vir goedkeuring;
- Die vertaler word betaal soos wat die werk voltooi word: 25%, 50%, 75% en 100%.

© Groep 7 Drukkers en Uitgewers (PTY)Ltd

Stap 3 - Tipografiese uitleg (Bladuitleg)

Die bladuitleg en buitebladontwerp kan gedoen word deur:

- Groep 7 se professionele personeel;
- Deur die skrywer self;
- Enige grafiese kunstenaar van die skrywer se keuse.

Groep 7 se span doen die uitleg van die boek in die wêreldbekende professionele program **Adobe InDesign**. Hierdie is ook die eerste stap na e-boeke wanneer die InDesign lêer omgeskakel word na "*E-Pub*" vanwaar die sekure e-boek gemaak kan word.

Die tipe drukproses wat gebruik gaan word, bepaal dan ook hoe die uitleg gedoen word. Die volgende is riglyne van kostes:

- A5 boeke - R9.50 per bladsy.
- A4 boeke - R12.50 per bladsy.
- Boeke met fotos en diagramme – R15-R45 per bladsy.
- Boeke wat ook 'n indeks benodig – R35-R65 per bladsy.
- Met uitsondering word afronding in MS Word gedoen – R5.50 per bladsye

Die eerste hoofstuk se bladuitleg word gedoen vir insette vanaf die skrywer en wanneer goedgekeur, word die boek volledig gedoen.

Die kwotasie word herbevestig en twee fakture word gelewer vir betaling nadat 50% en 100% van die werk voltooi is.

Groep 7 se grafiese kunstenaars doen professionele bladuitleg maar dit sluit nie uit dat jy (of jou vriend!) dit kan doen en die dokument in drukkwaliteit *Pdf* (*portable document format*) aan ons voorsien sonder enige uitlegkoste verbonde nie.

Indien jy of 'n grafiese kunstenaar van jou keuse self die bladuitleg doen, hou die volgende paar riglyne in gedagte:

- Die bladsye in 'n A5 boek is 148,5mm breed en 210mm lank met 15-20mm spasie tussen die inhoud en die vier kante van die bladsy;
- 'n A4 bladsy is 210mm breed en 297mm lank met dieselfde kantruimtes;

© Groep 7 Drukkers en Uitgewers (PTY)Ltd

- Lettertipe wat normaalweg gebruik word, is “Serif” wat beteken die lettertipe het kop- en voetstukkies wat lees kan vergemaklik. “Sans serif” beteken dus sonder die kop- en voetstukkies wat wel vir opskrifte gebruik kan word. Oorweeg dus lettertipes soos:

  Century Schoolbook,
  Baskerville,
  Garamond, of
  Goudy Old Style;

- Nommering van die bladsye tot voor die eerste hoofstuk, word normaalweg in Romeinse syfers gedoen, en daarna begin Hoofstuk 1 op bladsy 1. Onewe nommers is aan die regterkant. Wanneer ’n boek uit 100 bladsye bestaan, beteken dit dat 50 blaaie weerskante gedruk en genommer word, bv. Romeinse syfers i-iv genommer, en die res van die boek 1-96 genommer.

© Groep 7 Drukkers en Uitgewers (PTY)Ltd

Stap 4 - Boekomslag Ontwerp

Die boekomslag bly baie belangrik aangesien dit bepalend kan wees of ŉ leser die boek gaan optel om verder ondersoek in te stel al dan nie.

Groep 7 se grafiese kunstenaars gebruik Photoshop of CorelDraw en het die kennis en ondervinding om jou droomomslag die lig te laat sien! Die kostes verbonde wissel tussen R450 en R650 en word bepaal deur inligting wat deur die skrywer voorsien word en tyd gespandeer. Vervolgens kan dit nodig wees om foto's of grafiese prente met kopiereg aan te koop wat die skrywer toestemming gee om dit te mag gebruik (R250).

Jy is egter meer as welkom om jou eie omslag te ontwerp en die dokument in drukkwaliteit *Pdf* (*portable document format)* aan ons te voorsien sonder enige uitlegkoste daaraan verbonde. **Maak seker dat jy kopiereg op foto's of "*cliparts*" het.**

Die volgende kan as riglyne dien:

- Die voorkant, rugkant en agterblad word as ŉ geheel ontwerp;
- Die grootte vir ŉ A5 boek is A4 plus rugkant plus 3mm "bleed". *(bv. 'n A5 boek met 100bl is die rugkant 6mm en sal die finale ontwerp 216mm by 309mm wees);*
- Die grootte vir ŉ A4 boek is A3 plus rugkant plus 3mm "bleed". (*bv. 'n A4 boek met 200bl is die rugkant 12mm en sal die finale ontwerp 303mm by 438mm wees);*
- Belangrike riglyn om dit visueel goed te laat vertoon is om alle geskrewe dele en foto's 15-20mm vanaf alle kantlyne te plaas;
- Ontwerp asb in CMYK oftewel "**Cyan, Magenta, Yellow and Key Black"**;
- Die boek word na bind 3mm op die 3 kante gesny.

© Groep 7 Drukkers en Uitgewers (PTY)Ltd

Stap 5 - Druk en Bind

Digitale drukkers het besonder goed ontwikkel in die afgelope paar jaar en daarkom kan dit koste-effektief benut word vir 1 - 1 000 boeke per bestelling. Die voorstel is dat boeke deurlopend gedruk word soos nodig selfs teen 10 boeke per bestelling!

Ten minste een proefboek word gedruk en goedgekeur alvorens die bestelling uitgevoer word en die koste is drukkoste plus R114.

Groter bestelling (>1 000) word lithografies gedruk wat beteken dat die eenheidskoste wel verminder maar die totale kapitaaluitleg baie kan wees.

Buiteblad

Die buiteblad word volkleur of swart gedruk op 250 - 300g/m^2 geseëlde *(coated*) karton en glans / mat gelamineer ter beskerming.

Inhoud

Boeke kan óf in swart, óf in volkleur, óf in ’n kombinasie van swart en volkleur gedruk word om kostes te bespaar indien elke bladsye nie volkleur is nie.

Indien ‘n kombinasie van swart- en kleurblaaie gedruk word, is dit belangrik dat reeds met die uitleg proses bepaal word watter foto’s in kleur gedruk moet word. Een blaai (voor- en agterkant) word of deur die kleurdrukker of deur die swartdrukker gedruk en daarna ingesorteer om die finale boek te vorm. Indien ‘n voorkant kleur en ‘n agterkant swart behels, word die blaai steeds deur die kleurdrukker gedruk en beide as kleur gefaktureer.

Bindmetodes

- ***Perfect bind*** (>80 bladsye):
  Hierdie is die normale bindproses vir boeke en word met warm gom in die buiteblad gebind en vorm ’n hoekige rugkant.
- **Saalkram** (<100 bladsye):
  A4 boeke word op A3 gedruk, gevou en op die vou met 2 kramme aan die buiteblad vasgekram. Op dieselfde wyse word A5 boeke op A4 papier gedruk, gevou en gekram. Die voordeel is dat die boek plat lê wanneer dit oopvou.

© Groep 7 Drukkers en Uitgewers (PTY)Ltd

- **Draad ringbind:**
  Enige hoeveelheid bladsye kan so gebind word en die blaaie kan dus heeltemal omvou. Dit is ideaal vir opleidingsmateriaal en werkboeke.
- **Hardebandboeke:**
  Die boek word onafhanklik gebind en gesny, die hardeblad met die volkleur papier oorgetrek waarna die boek in die omslag ingebind word. Die eenheidskoste per boek bly dieselfde, ongeag die hoeveelheid boeke. Vir ’n A5 boek is dit R95 en A4 boeke R125 bykomend tot die normale drukkoste.

Drukkostes:

Basies spesifikasie met volkleur 300g buiteblad gelamineer en inhoud laser swart gedruk op 80g bond en “*perfect bind”*:

Proefboek en eenheidspryse (Voorbeeld):

- A5 boek met bv. 150 bladsye R36.67
- A4 boek met bv. 150 bladsye R60.37

Drukkostes vir bestellings na proefboek goedgekeur is:

- 1-10 boeke - prys van proefboek met korting op:
- 50 boeke - 5.0% 100 boeke - 7.5%
- 250 boeke - 12.5% 500 boeke - 15.0%
- 750 boeke - 17.5% 1 000 boeke- 20.0%

© Groep 7 Drukkers en Uitgewers (PTY)Ltd

Stap 6 - Bemarking

Die selfuitgewer bemark self hul boeke en E-boeke en die volgende word reeds baie suksesvol deur van die skrywers gedoen.

- Tersiêre instellings, skole en pre-primêre skole waar die behoeftes reeds bestaan;
- Kinderhuise of dergelike instellings met ’n groot databasis;
- Bemarking via e-pos, Facebook en ander kommunikasie-kanale waar die doelmark reeds geïdentifiseer is;
- Seminare;
- Skrywers-webwerwe.

Groep 7 Drukkers kan die volgende doen ter ondersteuning:

- Beskikbaarstelling (per ooreenkoms)
    - Groep 7 se aanlyn-boekwinke;l
    - E-boeke op Kobo.com**;**
    - Boekwinkels in SA en Namibia wat boeke bestel (geregistreedrde verskaffer van o.a. Exclusive Books, Bargain Books, Protea);
- Blootstelling op Groep 7 se webwerf;
- Ontwikkeling van skrywers se eie webwerwe;
- Plakkate (gedrukte en elektroniese formaat) vir boekbekendstelling;
- Ontwikkeling van ’n bemarkingsplan.

© Groep 7 Drukkers en Uitgewers (PTY)Ltd

Stap 7 – Verspreiding en E-Boeke

Groep 7 kan verpakking, versending en die administrasie van bestellings namens skrywers hanteer op een van die onderstaande **vier wyses**. (Sien ooreenkoms)

Die voordeel is dat skrywers nie vooruit betaal vir enige boeke wat so bestel word nie en administrasiekoste word so laag as moontlik gehou om die geleentheid aan skrywers te gee om hul boeke teen mededingende pryse in die mark te plaas.

1. Skrywers verkope (gedrukte boeke)

Die skrywer voorsien name en adresse waarheen boeke versend moet word. **Groep 7** druk en versend die boeke en faktureer die skrywer met druk- en koerierkoste.

2. Webwerf Boekwinkel (gedrukte boeke)

Plasing van boekinligting op **Groep 7** se aanlyn webwerf (www.groep7-selfpublish-book.co.za) teen 'n eenmalige koste van R125 (BTW ing).

- Skrywer bepaal verkoopprys;
- Kopers bestel en betaal boeke en posgeld via webwerf;
- Groep 7 druk en versend boeke.

Die berekening van die netto inkomste vir die skrywer is soos volg:

- Verkoopprys min
  - 20% (14% BTW wat Groep 7 aan SARS betaal, en 6% vir Payfast koste);
  - drukkoste van boek.

3. Boekwinkels (gedrukte boeke)

Wanneer boekwinkels navraag doen om aankoop van skrywers se boeke, verloop die proses soos volg:

- Skrywers bepaal die verkoopprys;
- **Groep 7** druk en versend boeke, faktureer boekwinkels en hanteer die administrasie daarvan.

Die berekening van die netto inkomste vir die skrywer is soos volg:

- Verkoopprys min
  - 50% wat die boekwinkel bepaal en neem en is dus die bedrag wat Groep 7 die boekwinkels faktureer;

© Groep 7 Drukkers en Uitgewers (PTY)Ltd

- Inkomste vanaf boekwinkels min 14% BTW wat Groep 7 aan SARS betaal,
- min drukkoste van boek.

4. Elektronies boeke (E-boeke)

- **Groep 7** kwoteer op elke individuele boek om dit gereed te kry vir omskakeling na E-boek formaat.
- **Groep 7** plaas boek op Kobo se webwerf (www.kobo.com)
- Die “link” word aan die skrywer gestuur en skrywers kan hul bemarking uitbrei vir wêreledwye verkope.
- Die “link” word ook op Groep 7 se webwerf-boekwinkel geplaas by skrywer se boek.
- *Die skrywer bepaal die verkoopprys en ontvang 50%.*

© Groep 7 Drukkers en Uitgewers (PTY)Ltd

Voorbeelde van kostes

- Die skrywer is die uitgewer van die boek en het volle kopiereg en eiendomsreg van alle dokumente.
- Skrywers het die keuse om hul eie voorbereiding van boeke doen en ons sal graag advies lewer.
- Groep 7 bied egter ook al die professionele dienste aan teen 'n baie bekostigbare tarief.
- Die voorbereidingskoste word bepaal deur die aantal woorde en bladsye en hier volg voorbeelde en uiteensetting van kostes.
- Pryse sluit BTW in maar koerierkostes uit.

Voorbeeld 1 – R3 745

1. Skrywer se boek bv. 40 000 woorde en A5 met 160 bladsye.
2. Taalkundige versorging – hanteer self.
3. Bladuitleg – voorsien drukgereed pdf.
4. Buitebladontwerp - voorsien drukgereed pdf.
5. Druk en bind:
    a. Eenmalig (Drukgereed en rugsteun) R 114
    b. Proefboek en eenheidskoste R 38
    c. 50 Boeke (sien korting struktuur) R1 805
    d. ISBN registrasie R 88
6. Bemarking:
    a. Plasing Groep 7 aanlyn boekwinkel R 125
    b. Blootstelling Groep 7 webwerf R 125
    c. Plakkate (R6.00 per A3)
7. Verspreiding en E-boeke:
    a. E-Boek R1 450
    b. Verspreiding (sien ooreenkoms).

© Groep 7 Drukkers en Uitgewers (PTY)Ltd

Voorbeeld 2 – R6 345

1. Skrywer se boek bv. 40 000 woorde en A5 met 160 bladsye
   Taalkundige versorging – slegs evaluering R 350
2. Bladuitleg – professioneel in *InDesign* en proeflees R2 400
3. Buitebladontwerp – professioneel in *Photoshop* R 550
4. Druk en bind:
   a. Eenmalig (drukgereed en rugsteun) R 114
   b. Proefboek en eenheidskoste R 38
   5. 50 Boeke (sien korting struktuur) R1 805
   a. ISBN registrasie R 88
6. Bemarking:
   a. Plasing Groep 7 aanlyn boekwinkel R 125
   b. Blootstelling Groep 7 webwerf R 125
   c. Plakkate (R6.00 per A3)
7. Verspreiding en e boeke:
   a. E-Boek R 750
   b. Verspreiding (sien ooreenkoms).

Voorbeeld 3 – R11 715

1. Skrywer se boek bv. 40 000 woorde en A5 met 160 bladsye
   Taalkundige versorging:
   a. Evaluering R 350
   b. Taalversoring (40 000 x 15 sent) R6 000
2. Bladuitleg – professioneel in *InDesign* R1 520
3. Buitebladontwerp – professioneel in *Photoshop* R 550
   a. Foto aankoop R 250
4. Druk en bind:
   a. Eenmalig (drukgereed en rugsteun) R 114
   b. Proefboek en eenheidskoste R 38
   c. 50 Boeke (sien korting struktuur) R1 805
   d. ISBN registrasie R 88
5. Bemarking:
   a. Plasing Groep 7 aanlyn boekwinkel R 125
   b. Blootstelling Groep 7 webwerf R 125
   c. Plakkate (R6.00 per A3)
6. Verspreiding en e boeke:
   a. E-Boek R 750
   c. Verspreiding (sien ooreenkoms).
   .

© Groep 7 Drukkers en Uitgewers (PTY)Ltd

Ter Opsomming

Groep 7 Drukkers en Uitgewers is behulpsaam met die voorbereiding en druk van koste-effektiewe en kwaliteit boeke vir die selfuitgewer. Die skrywer kan voorbereidingswerk self te doen of van die advies en professionele dienste van Groep 7 se span gebruik. Die kopiereg en alle dokumente bly die eiendom van die skrywer.

- **Taalkundige Versorging:**
  - Onafhanklike taalversorgers en kostesvanaf 12c per woord.
- **Bladuitleg:**
  - Professioneel in InDesign gedoen vanaf R9,50 per bladsy;
  - Ons kan adviseer en kliënt verskaf 'n *press quality pdf.*
- **Buiteblad:**
  - Professionele ontwerp vanaf R450;
  - Ons kan adviseer, en kliënt verskaf 'n *press quality pdf.*
- **ISBN nommer:**
  - Administrering en registrasie koste is 1 boek plus R50.
- **Druk van boeke:**
  - Groep 7 se eie drukkery beteken goeie kwaliteit en bestuur van bestelling. Proefboek word gedruk en goedgekeur voor bestelling uitgevoer word.
- **Verspreiding en bemarking:**

Die self-uitgewer bemark self hul boeke en E-boeke en Groep 7 Drukkers kan die volgende doen ter ondersteuning:

- Verpakking, versending en administrasie van bestellings;
- Beskikbaarstelling (per ooreenkoms)
  - Groep 7 se aanlyn-boekwinke;
  - E-boeke op Kobo.com**;**
  - Boekwinkels in SA en Namibia
  - Blootstelling op Groep 7 se webwerf;
  - Ontwikkeling van skrywers se eie webwerwe;
- Plakkate (gedrukte en elektroniese formaat);
- Ontwikkeling van 'n bemarkingsplan..

.

© Groep 7 Drukkers en Uitgewers (PTY)Ltd